



GETUIENISSE EN SANG IN DIE TAJIK DIALEK

SAT-7 PARS se missie is om holistiese Christelike televisie aan almal in die Persies-sprekende wêreld te bied. Te danke aan 'n onverskrokke Christen-musikant word die kanaal se eerste programreeks in die Tajik dialek, *Ons Verlossing is in Hom*, tans vervaardig.

“Daar is 'n behoefte aan programme in die hartstael van Tajikistan,” sê Regisseur en Produksieleier Mikael Tunér, wat opgegroeï het in hierdie gebied en 'n visie het om SAT-7 PARS programme in Tajik te vervaardig.

Iranese Farsi word wel verstaan deur alle Persies-sprekendes, ook in Tajikistan, maar kykers ervaar groter betrokkenheid en samehörigheid wanneer 'n aanbieder hul moedertaal praat.

PASSIE OM TE GETUIG

SAT-7 PARS het lank gesoek vir Tajik-sprekende programaanbieders - dit is moeilik om Tajik Christene te vind wat kans sien om openlik hul geloof op televisie te bely. “Op die regte tyd,” getuig Tunér, “het God Mahinbonu vir ons gestuur!”

Mahinbonu Gazanova is 'n bekende Christen sangeres wat van 42 jarige ouderdom 'n persoonlike verhouding met Jesus het. Sy is nou 65 en angstiger as ooit om ander te vertel oor God se

werk in haar lewe. “In Tajikistan kan ek net met mense praat wat ek persoonlik ontmoet,” vertel sy. “Ek het gebid vir geleentheid om my getuienis oor die radio of televisie te kan deel met baie mense in my land.” God het haar gebed binne 'n week beantwoord met die geleentheid om op SAT-7 PARS op te tree.

Middel-2017 is Mahinbonu na die IRR-TV ateljee in Finland om die eerste reeks van *Ons Verlossing is in Hom* op te neem.

STEM VIR DIE STEMLOSES

Mahinbonu deel haar getuienis in die programreeks, afgewissel met aanbiddingsliedere wat sy geskryf het.

“Mahinbonu vertel hoe sy 'n gelowige geword het en word so 'n stem vir hulle wat nie openlik hul getuienis durf deel nie,” verduidelik Tunér. Bykomend stel Mahinbonu se liedere Tajik kykers in staat om God in hul eie taal, in die privaatheid van hul eie huise, te loof.

Ongelukkig is die verfilming van *Ons Verlossing is in Hom* onderbreek deur Mahinbonu wat, na die voltooiing van agt episodes, siek geword het. Maar God is steeds aan die werk in die projek: Die dag toe Mahinbonu die ateljee moes verlaat, verneem Tunér van 'n ander Tajik Christen sanger wat graag met SAT-7 PARS wil saamwerk.

Farangis Soleiva sluit in 2018 by die span aan om die laaste vyf episodes van die eerste reeks op te neem.

Die SAT-7 PARS span bid vir Mahinbonu se herstel en dank God vir Sy voorsiening vir die programreeks wat binnekort uitgesaai sal word. ■

Persiese dialekte wat op SAT-7 PARS uitgesaai word: Azeri, Dari, Farsi, Tajik

SES JONG MANS VIND JESUS DEUR SAT-7 PARS

'n Jong man, Ramin,* het ons gekontak, gretig om meer oor Jesus uit te vind na hy SAT-7 PARS gekyk het. Opgewonde dat hy God se liefde ontdek het, vra hy dat ons in aanraking kom met vriende van hom wat meer oor Christenskap wou weet. Binne 'n paar weke het Ramin en vyf van sy vriende besluit om Jesus te volg.

Voordat die SAT-7 PARS Beradingspan saam met hom bid, het hulle seker gemaak Ramin verstaan wie Christus is en wat Sy lewe, dood en opstanding vir ons beteken. Ramin het aangedui dat hy presies om dié rede die stap wou neem. Die span het met blydschap saam met hom gebed terwyl hy sy lewe vir Christus gee.

Ramin het reeds met van sy vriende oor Jesus gepraat. Hy het gevra dat ons hom die volgende dag skakel en met sy vriend, Darius,* praat wat ook meer wou weet. Die oproep is gereël en die SAT-7 berader kon God se liefde aan Darius verduidelik. Op Darius se versoek het die berader hom voorgestaan in gebed en het hy sy lewe vir Jesus gegee.

Toofan,* 25 jaar oud, is dankbaar dat ons hom gekontak het en hom gehelp het om Christus te leer ken. Hy sê:

“Ek en my vriende het besluit ons wil nie meer sonder God leef nie. Watter druk ons ook mag beleef, ons gee ons lewens oor aan Jesus Christus. My enigste versoek is: Moenie ons aan onself oorlaat nie. Hou aan om ons te leer, want ons het niemand hier wat ons kan help nie.”

ONDERSTEUN NUWE GELOWIGES
“Ons het hierdie jongmense aangemoedig om ons programme te kyk en die Here saam te aanbid, en hulle vertel dat Jesus gesê het, waar twee of drie in Sy Naam bymekaar is, daar is Hy teenwoordig. Dit is die ware betekenis van kerk,” sê 'n lid van die Beradingspan.

Hierdie nuwe gelowiges het die gebed en ondersteuning van hul broers en susters vanoor die wêreld nodig. Hulle vra in besonder vir gebed dat hulle God se liefde sigbaar leef teenoor die mense om hulle, asook vir kontak met ander gelowiges in die land.

CHRISTEN-WEES IN AFGHANISTAN
Minder as 1% van die Afgaanse bevolking is Christene. Christene word dikwels uitgewerp uit gesin en gemeenskap. Baie verloor werk en eiendom. Erger strawwe is tronkstraf, soms selfs die dood. Die enigste wetlik-erkende kerk in Afghanistan is nie oop vir plaaslike burgers nie. Baie gelowiges is geïsoleerd en moet hulle geloof geheim hou.

Geletterdheid in die land is baie laag – volgens

UNESCO onder 40 persent – sodat die beperkte Christelike leesstof nie toeganklik is vir almal nie.

SAT-7 PARS is 'n lewenslyn vir baie van hierdie gelowiges. Die kanaal voorsien toeganklike Bybelse lering in hul eie taal en bring hoop.

Bid asseblief vir hierdie manne: dat God hulle sal beskerm terwyl Hy hulle verder begelei en laat groei in hul geloof. Bid ook asseblief vir krag en wysheid vir ons SAT-7 PARS Beradingspan, wat voortgaan om hierdie manne te ondersteun en te bemoedig. ■

* Name verander, foto net vir illustrasie



Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,
Lynnwoodrif
Pretoria 004
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org
southafrica@sat7.org
+27 83 628 6488
+27 12 807 2763

Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa
ABSA / Takkode: 632005
Tjekrekening: 93-1343-4717
Verstrek asb naam en adres
met inbetaling

**MAAK
LIEFDE
SIGBAAR**